

Saterdag 12 September

Skrifgedeelte: Ester 1:9-15 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Ester 1:15

Wie regeer nou eintlik?

Dis die laaste dag van die losbandige fees van koning Ahasvéros in die stad Susan. Vir sewe dae is daar na wellus gedrink. Die manne is goed gekuier. Ahasvéros is besig om homself te vereer.

In sy bedwelmdede toestand wil hy sy koningin ook aan die manne wys. As hulle sien hoe beeldskoon sy is, sal hulle nog meer dink dat hy 'n gelukkige man is. Hy het 'n trofee vir 'n vrou.

Hy stuur sewe van sy hofdiensmaats om vir koningin Vasti te laat roep. Sy moet kom, met haar kroon op om voor die manne te poseer dat hulle haar kan bewonder. Dan kan hulle sien dat Ahasvéros die man van die oomblik is.

So sit die regeerders van Susan gereed om nie net met drank nie, maar ook met skoonheid verder bedwelmdede te word.

Maar koningin Vasti kom nie. Die sewe hofdiensmaats kom met rooi gesigte terug om die koning in kennis te stel dat die koningin weier om te kom.

Ahasvéros is woedend! Hy kry sewe van sy ander wyse manne, vorste, om hom te help. Hoe sal daar teen Vasti opgetree word, teen hierdie vrou wat nee sê?

So sien ons hoedat die heidene aanmekeerspring – koning en koningin. Die magtige wêreldheerser Ahasvéros word beskaam deur sy vrou wat nee sê.

Dit vat sewe vorste om 'n besluit te neem. Die koninkryk is geskud deur 'n vrou wat nee sê.

So wie regeer nou eintlik? Nie Ahasvéros nie, ook nie Vasti nie. Ons sien verder in die boek dat die HERE self besig is om sy raad te vervul. Die heidene is besig met hulle luste. Maar die HERE gaan die kwaad tot sy volk se beswil beskik.

Dit was nog nooit die koning of die party wat die verkiesing gewen het wat regeer nie. Dit was nog altyd die HERE gewees en dit sal ook altyd Hy wees.

Sing: Psalm 99-1:1, 3

Ds. DJ Dykstra (Dirk) (Nigel)